SALALS
southern african linguistics
and applied linguistics society

(English follows on Afrikaans)

SALALS erelidmaatskap: Prof Daan Wissing

Professor Daan Wissing het oor verskeie dekades 'n besondere bydrae gelewer tot Taalkunde in die Suid-Afrikaanse konteks. Hy het 'n groot aantal publikasies, het aan projekte deelgeneem en dit gelei, en het 'n aantal nagraadse studente afgelewer wat later vooraanstaande lede van die taalkundegemeenskap geword het.

Toekennings wat prof Daan al ontvang het sluit in: 'n eremedalje van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Prestige Toekenning van die LVSA, die CJ Langenhoven-prys vir Taalkunde, en gradering as navorser by die Nasionale Navorsingstigting (NNS). Hy het al op die redaksie gedien van meer as een vakjoernaal, opgetree as keurder vir nasionale en internasionale publikasies, as eksaminator vir nasionale en internasionale nagraadse studies, en as evalueerder vir die NNS.

Prof Daan was betrokke by amper 90 akademiese publikasies tot dusver – as outeur, mede-outeur, medewerker of redakteur. Van die projekte waarby prof Daan betrokke was sluit in die *African Speech Technology project* (Universiteit van Stellenbosch, saam met prof JC Roux, 2002-2003), *Lexicon development for Automatic Speech Recognition of native and non-native speakers* (Suid-Afrikaans-Belgiese projek, saam met prof JP Martens van Universiteit van Gent, 2002-2004), en die ontwikkeling van 'n foneem-tot-grafeem-omskakelaar vir Afrikaans (befonds deur die NNS, in samewerking met prof Walter Daelemans van Universiteit van Antwerpen, 2005-2007). Verder was prof Daan die enkelouteur van die fonologie-afdeling van Afrikaans in die internasionale projek *Taalportaal: the linguistics of Dutch, Frisian and Afrikaans* (http://www.taalportaal.org/taalportaal/topic/), 'n taak wat hom 5 jaar geneem het om te voltooi.

SALALS is trots daarop om Prof Wissing as deel van sy gemeenskap te hê, en geëerd om erelidmaatskap aan hom toe te ken.

SALALS honorary membership: Prof Daan Wissing

Over many decades, Professor Daan Wissing delivered a considerable contribution to Linguistics in the South African context. He produced a great number of publications, took part and led several projects and delivered a number of postgraduate students – some of which later became leaders in the linguistic community.

Prof Daan has received numerous awards, including: an honorary medal from the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, the Prestige Award from the LSSA, the CJ Langenhoven Prize for Linguistics and is rated by the National Research Foundation (NRF). He has served on more than one journal's editorial board, acted as reviewer for national and international publications, as examiner for national and international postgraduate studies and as evaluator for the NRF.

To date, Prof Daan has been involved in almost 90 academic publications as author, co-author, co-worker or editor. A few of the research projects he has been involved in include: the African Speech Technology project (Stellenbosch University, with Prof JC Roux, 2002-2003), Lexicon development for Automatic Speech Recognition of native and non-native speakers (South African-Belgian project, with Prof JP Martens from the University of Gent, 2002-2004), and the development of a phoneme-to-grapheme converter for Afrikaans (funded by the NRF, in cooperation with Prof Walter Daelemans from the University of Antwerp, 2005-2007). A noteworthy achievement is the phonology section of the international Afrikaans project: Taalportaal: the linguistics of Dutch, Frisian and Afrikaans (http://www.taalportaal.org/taalportaal/topic/), which he authored alone – a task that took him five years to complete.

SALALS is proud to have Prof Wissing as part of its community and honoured to present him with honorary membership.